NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

28 Januarie 2022: Nr 03/2022

Warmnuus

Werkskepping



Die Sinode het onlangs met finansiële hulp uit Motsepe-Trust 'n werkskeppingsprojek geloods. Dit staan o.l.v die CMR. In samewerking met die Universiteit van Pretoria word 'n week-lange sertifikaatkursus in Entrepreneurskap aangebied. Dit stel kursusgangers in staat om 'n besigheid te begin of 'n bestaande besigheid so te laat groei dat daar minstens twee ekstra persone in diens geneem kan word. Hierdie kursus is deur *prof. Jurie van Vuuren* ontwerp en hy bied dit ook self aan.

Gemeentes kan by die projek betrokke raak deur o.a. lidmate in Pretoria aan te moedig om as mentors vir opgeleides te dien. Kontak die Taakspan Werkskepping vir meer inligting [Maryke Venter (082 452 4517, cmr@cmrn.co.za) of Paul Grobler (082 653 5734, paul@noordsin.co.za.)

Haal die kopkrap uit kategese

Bybel-Media skryf: Ons het opwindende reekse, produkte en hulpmiddels wat aan al julle gemeente se kategesebehoeftes kan voldoen. Gemeentes is uniek; daarom bied ons unieke reekse vir kennisoordrag, tematiese byeenkomste en interaktiewe ontmoetings. Jeugfokus se kategeseboeke word deurlopend hersien, bygewerk en vernuwe. Die aanbiedersgidse is vereenvoudig en die deelnemersgidse is aangepas sodat jongmense daarby aanklank sal vind. **Navrae**: 021 864 8211

- **Voorskool**: kliek hier
- **Junior fase**: kliek hier
- **Middelfase**: kliek hier
- **Seniorfase**: kliek hier
- **Belydenisfase**: kliek hier
- **Huisgeloof**: kliek hier
- Kliek hier vir die volledige **katalogus**

Eerstejaarskamp: 2022 – Dit is amper tyd!!

Universiteitsoord kamp vanaf *31 Januarie tot 4 Februarie* met al die voornemende eerstejaars.
Kliek hier vir die **video** wat jou alles gaan vertel!
Inskrywings op webblad:
www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp **- Daar is nog plek!!**

Sinodenuus

Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Omsendbrief nr 1 van 2022 - Kliek hier om die brief te lees.

❖ Tekslees met ‘n verskil

Datum: *01 Februarie*
Skrifgedeelte: **LK 5:1-11**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join.
Zoom Meeting: Kliek hier
Meeting ID: 921 9767 1478; **Password**:453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Emeritaat

Danie Ferreira (Pretoria-Tuine) het reeds in 2021 sy emeritaat ontvang. Hy bly in ‘n kontrakpos in die gemeente aan en het pas formeel die beroep aanvaar.

André van Niekerk [Waterkloof] ontvang sy akte van emeritaat eerskomende Sondag, *30 Januarie*. Hy bly nog in ‘n kontrakpos in die gemeente aan.

❖ Beroepe/Bevestigings

Leon Tait [Rietfontein-Suid] het ‘n beroep na **Durbanville-Bergsig** ontvang**.**

Brits Janse van Rensburg [Harare] se werkspermit vir Zimbabwe is uiteindelik goedgekeur. Sy ordening as predikant en bevestiging as leraar van Harare (NG en Hervormd) vind die naweek van *13 Februarie* plaas.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

01/02 Ewald Schmidt [Nylstroom-Oos]
03/02 Joggie Kotze [Dwaalboom]
AJ Prinsloo [Emeritus]
04/02 Malan Nel [Emeritus]
05/02 Tinus Benadé [Thabazimbi]
06/02 Ryno Hurn [Valhalla]

****

31/01 Barbie Hunter [Eggenote van Marius Hunter, Northam]
06/02 Elize Berrange [Eggenote van Pieter Berrange, Monumentpark-Wes]
Deon van Tonder [Eggenoot van Erika van Tonder, Wonderboom]

Gemeentenuus

❖ Daspoort

100ste verjaarsdag: 24 Februarie 1922

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram 2022 – Hiermee die programme wat Excelsus vanjaar aanbied. Kliek hier vir die Jaarprogram. Teken solank die datums aan en kyk uit vir die bekenstellingsmateriaal vir elkeen van die aanbiedings.

Kursusse/werkswinkels:

*** Liturgiewerkswinkel: Lydenstyd - Die jaar van God se genade**
8 & 9 Februarie (9:00-16:30) – *Aanlynaanbieding*
Aanbieder: Dr André Bartlett
VBO: 20 punte
Sluitingsdatum: *4 Februarie 2022*
Skakel vir inskrywing: Kliek hier

*** Predikante in die afrondingsfase van hulle bediening - "Daar is lewe vóór én ná aftrede"**
Kliek hier vir die volledige uitnodiging
15-16 Februarie - Aanlynaanbieding
Aanbieders: Roelf Opperman en Theo Smith
VBO: 25 punte
Sluitingsdatum: *11 Februarie*
Inskrywing: Kliek hier

*** Nuut in die Bediening** *(Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling)*
****** Gerig op predikante in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening.
Dit is 'n kursus wat bedoel is om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening. Dit vorm ook deel van die verpligte drie jaar voortgesette bedieningsontwikkeling vir predikante en proponente wat pas gelegitimeer is.
VBO: Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf **270 VBO-punte** (dws 90 punte per jaar).
Die drie modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:
7-9 Maart [*Hoe hanteer ons moeilike etiese kwessies?]*
6-8 Junie [*Wie is ons? Oor ons gereformeerde identiteit]*
31 Oktober - 2 November [*Gemeentelike bestuur en leierskap]*
Navrae: *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za.
Inskrywing: Voltooi die aanlyn inskrywingsvorm deur hier te kliek: https://forms.gle/EVbPcLjNRcv8ER6W8.

Ander nuus

❖ Bronze Baobab

Hulle bied op *12 Februarie* [09:00-15:00] 'n opleidingswerkswinkel aan vir kategete en ander jeuggroepfasiliteerders. Kliek hier vir al die inligting asook om aanlyn in te skryf. **Navrae**: Michaela by 071 427 5045.

Hulle het ook 'n nuwe stel kaarte ontwikkel wat in belydeniskasse gebruik kan word.
Navrae: Michaela Wright by 071 427 5045 of dr Roelf Opperman by 082 335 1156. Bestellings kan ook geplaas word by http://bronzebaobab.com/online-shop.php.

❖ Emosionele Logika

Kursusse aangebied deur: Annette de la Porte
Kyk na hierdie **video**: https://youtu.be/DpKQFA5bzSU. Besoek haar webwerf www.growwithannette.co.za en kliek op "webinars" en "CPD Training" vir meer gedetaileerde inligting.

VBO punte: Die drie kursusse het onderskeidelik 2, 14 en 30 punte.

- Emosionele wipplank webinaar: Maandag *7 of 14 Februarie* van 8-10 vm (2 VBO punte @ R250).
- Inleidende kursus: Vrydag *18 Februarie* (voldag) gevolg deur drie praktyk sessies van 8 – 10 vm op Vrydag *25 Feb, 4 Mrt en 11 Mrt 2022*.

Registreer by: annette@growwithannette.co.za

❖ Christelike Lektuur Fonds (CLF)

Spesiale aanbod op uitgesoekte akademiese & teologiese boeke [50% afslag]
Die aanbod is geldig tot *31 Maart 2022*.
Hoe om te bestel:
1. Stuur 'n e-pos na order@clf.co.za
2. Besoek ons Bloemfontein- of Kimberley-boekwinkels
3. Koop aanlyn - https://shop.clf.co.za/product-category/books/academic-theology/

Gebruik koeponkode: booksmart
Kliek hier vir die lys titels met hul unieke aanlynwinkelskakels (URL'e)

❖ Vakatures

- **Kerkbode Vakatures:** Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.
- **Kameeldrif: Musiekbediening**

  Kameeldrif is geleë in die Noordooste van Pretoria. Hulle is ‘n stadsgemeente wat in sekere opsigte karaktertrekke van ‘n plattelandse gemeente het. Buiten hul unieke geografie bedien hulle ‘n diverse gemeenskap waarin al die verskillende spiritualiteite voorkom. Hulle glo dat musiek gedurende die erediens die draer van die boodskap moet wees. Musiek help die liturg in die verpakking van sy boodskap.
  Sluitingsdatum vir aansoeke: *28 Februarie* 2022. Die kandidaat moet beskikbaar wees vir ’n speelbeurt.
  Navrae: Kerkkantoor Kameeldrif - 012 756 4334

- **Aliwal-Noord**: **Tweede Dominee**

  Sluitingsdatum vir aansoeke: *28 Februarie 2022*
  Kliek op die skakel om die vakature op die Kerkbode se webtuiste te sien:
  https://kerkbode.christians.co.za/2022/01/12/ng-gemeente-aliwal-noord-vakature-voltydse-medeleraar/

Naskrif